# Op Jeugdag dink Rooimier aan ons skool-atlete ...

Op 16 Junie [Jeugdag] 2017 wonder Rooimier of almal belangstel in die Jeug van Suid-Afrika …en siende dat hierdie webwerf oor atletiek gaan, behoort die vraag te verander: Stel die atletiekadministrateurs/programopstellers/ beamptes en selfs afrigters regtig belang in die atlete!

Dit is nie so maklik om ander mense se redes, motiewe en dryfvere te bepaal nie! Tog kan mens na hul aksies kyk en redelike afleidings maak…

As die Administrateurs om hul bestuursvergaderingstafeks inskuif, wonder mens of hul eerste instink is om die atlete se beste belang te beskerm? Dit is ongelukkig my ervaring dat daardie woorde "beste belang van die atlete" nooit in die raadskamers gehoor word nie! Interne politiek, verkiesing van "vriende", manipulering van feite, agteraf gekonkel is aan die orde van die dag: Mense wat die doelwitte van die atletiekorganisasie oortree, word vergewe – ander wat hul werk doen, maar te veel vrae vra, word uitgestem deur 'n agteraf gekoukus!!

As mens na die programroosters van verskillende byeenkomste kyk, weet ek nie of hulle opgestel is om die atlete ter wille te wees nie! Baie min programme maak bv. voorsiening vir Hamergooi – ander los Driesprong heeltemal uit! Die arme Stapper het slegs een byeenkoms voor Interhoër om te kwalifiseer vir die Vrystaatspan – dus is SA's hul 3de byeenkoms van die jaar! Kyk 'n bietjie na die botsings, wat in programme ingebou word …bv. botsings tussen naellope en spronge by veral die laerskole! Is dit bv. nog regverdig om die Joba-tabelle aan te wend om die Top 50 wenners van 'n

byeenkomstes te bepaal – ons almal weet die tabelle bevoordeel die worpe! Iemand moet dit vir programopstellers verduidelik dat byeenkomsprogramme nie in sement gegiet is nie!

Oor beamptes se optrede hang daar ongelukkig ook gereeld vraagtekens: Hoeveel keer sien ons nie dat 'n atleet een maal in die seisoen die kwalifikasie behaal nie – dan gekies word vir die Vrystaatspan, maar ook op SA's nie naasteby die prestasie kan herhaal nie! Sommige byeenkomtes stotter van die een diskwalifikasie na die ander, terwyl net die volgende een nie eens een diskwalifikasie/dispuut/appél oplewer nie …en die enigste verskil tussen die twee byeenkomstes is die beamptes wat verander het/in beheer is! Hoeveel keer gaan die "call room" nog atlete se deelname en prestasie pootjie? Miskien moet iemand vir beamptes verduidelik dat reëls met empatie toegepas moet word! Hulle is daar omdat die atleet daar is …en nie andersom nie!

Ongelukkig weeg die eie "ek" by verskeie afrigters die meeste! Dan praat ek nie eens van die onprofessionele optrede om atlete by mekaar af te rokkel nie! En dink u dat u kind se afrigter sommer vanself sal erken dat hy/sy nie alles weet nie en liewer by 'n ander afrigter moet gaan kers opsteek? Hoeveel afrigters, wat u ken, sal sy/haar atleet vat en na 'n ander afrigter vir hulp gaan??

Die VSAAV het 'n afrigtingskursus in Desembermaand op Sasolburg! Gaan kyk gerus hoeveel onderwysers kom kwalifiseer vir Vlak I by hierdie kursus! EN hoeveel dink u kom terug om ook hul Vlak II of Vlak III te behaal …die uitvalsyfer is +80%!

Daar is gelukkig nog baie administrateurs/programbestuurders/beamptes en afrigters, wat werklik belangstel in die atlete se belange – MAAR hulle en ouers moet hande vat en aandring dat hulle atlete/kinders ten alle tye die belangrikste rolspelers in skole-atletiek

moet wees!!!